TYGERBERGKAMPUS STUDENTEGELDE INLIGTING

Hierdie is 'n opgedateerde kennisgewing wat slegs van toepassing is op studente wat sal registreer vir programme in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW).

1. REGISTRASIEDATUMS VIR 2019

Registrasiedatums vir 2019 sal voor die einde van die jaar in 'n afsonderlike kennisgewing deur die Registrateursafdeling gekommunikeer word.

2. VERPLIGTE EERSTE PAAIEMENT VAN STUDIE-EN INWONINGSGELDE VIR 2019:

Die volgende bedrae is betaalbaar voor bogenoemde registrasiedatums:

VERPLIGTE EERSTE PAAIEMENT VAN STUDIEGELD	
Voorgraads	**R13 118**
Nagraads	**R9 566**
Diploma/Sertifikaat	**R9 566**
VERPLIGTE EERSTE PAAIEMENT VAN INWONINGSGELD	**R12 700**
VERPLIGTE EERSTE PAAIEMENT VIR STUDENT IN KOSHUIS (Totale bedrag)	
Voorgraadse student in koshuis (R13 118 + R12 700)	**R25 818**
Nagraadse student in koshuis (R9 566 + R12 700)	**R22 266**

Geen afsonderlike studenterekening sal tydens registrasie versprei word wat die bogenoemde bedrae weerspieël nie. Die bedrae word outomaties betaalbaar sodra die student aanlyn of fisies by die universiteit registreer.

LET ASB OP DIE KORREKTE STANDARD BANK BESONDERHEDE VIR INBETALINGS:
Bankbesonderhede: Standard Bank Stellenbosch
Rekeningnaam: US Studentegelde ("public listed beneficiary")
Rekeningnommer: 063163225
Takkode: 050610
Verwysing: Studentenommer
Faks depositostrokie of bewys van betaling aan: 021 808-3739 OF e-pos aan studentegelde@sun.ac.za

NUWE ONMIDDELLIKE BETALINGSMETODE:
Onmiddellike aanlyn betalings is beskikbaar op ons webblad en kan elektronies of met krediet-/debietkaart geskied.
Gaan asb na www.maties.com en kliek op "Gelde" en dan "Aanlyn betaling van studentegelde".
Vooruitbetaalde internet, was, ete en drukwerk kan ook deur middel van die bogenoemde skakel gekoop word.

3. UITSTAANDE SKULD MET REGISTRASIE

Neem asb kennis dat alle agterstallige bedrae vereffen moet wees voordat 'n student vir 2019 mag registreer.
Met betrekking tot uitstaande skuld sal FGGW-studente wat 'n beurs vir 2019 ontvang, wat ten minste die uitstaande skuld sowel as die verpligte eerste paaiement van studiegeld vir 2019 dek (sien afdeling "2" hierbo) ook toegelaat word om te registreer indien bewys van hierdie beurs aan die Tygerbergkampus Voorgraadse Beurse en Leningskantoor verskaf word.

4. BETALINGSTERME VAN STUDENTEREKENINGE

Studenterekeninge kan binne die volgende twee betalingsterme vereffen word:

Opsie 1: Betaling in drie paaiemente

MET REGISTRASIE	Eerste verpligte betaling vir studie- en inwoningsgeld
31 MEI	Minstens 75% van die restant van u totale rekening nadat die gelde wat u reeds teen die registrasiedatum betaal het, afgetrek is.
30 SEPTEMBER	Die uitstaande balans op u studentegelderekening.

Opsie 2: Debietorder wat bestaan uit die volgende paaiemente:

MET REGISTRASIE	Eerste verpligte betaling vir studie- en inwoningsgeld
1 APRIL TOT EN MET 1 NOVEMBER	'n Verdere agt paaiemente is op die eerste dag van die maand per debietorder betaalbaar.

Aansoek vir debietorder-opsie sluit 8 Maart en die nodige vorms is verkrygbaar op die Web by http://www.maties.com/tuis.html verkrygbaar onder "Gelde", "Betalingsopsies" of by seand@sun.ac.za . Aansoeke ná 8 Maart sal oorweeg word onderhewig aan 'n voorafbetaling van die minimum debietorderbetalings wat betaalbaar sou wees sedert 1 April.

Indien die volle studenterekening van Suid-Afrikaanse studente voor 31 Maart vereffen word, kan daar aansoek gedoen word vir 'n 3% korting op die onderriggeld komponent (onderhewig aan voorwaardes soos uiteengesit in die *Jaarboek*). Die nodige vorms is verkrygbaar op die Web by http://www.maties.com/tuis.html beskikbaar onder "Gelde", "Betalingsopsies" of by studentegelde@sun.ac.za

Internasionale studente, insluitend nie-residensiële Internasionale studente, en Namibiërs, moet hul volle onderriggelde op die dag van registrasie vereffen. Besonderhede is beskikbaar by die onderskeie Internasionale Kantore.

5. AKTIVERING VAN STUDENTEKAART VIR 2019

Studentekaarte kan slegs vir 2019 uitgereik/geaktiveer word indien die volle 2018-studenterekening vereffen is en die eerste verpligte paaiement van studie- en inwoningsgeld op die rekening reflekteer.

Blokke sal slegs gelig word vir die aktivering van 'n studentekaart indien die volle 2018-rekening vereffen is en die student bewys van die volgende kan lewer:

1. 'n Eksterne beurs (nie US) wat op die briefhoof van die befondser aandui dat die befondser die eerste verpligte betaling vir studie- en inwoningsgelde sal betaal. US-beursstudente hoef nie 'n bewys te lewer nie – hul kan direk ná registrasie hul kaarte aktiveer.

2. Studente wat in 2018 NSFAS befondsing ontvang het en hul kontrak onderteken het, sal outomaties kan registreer.

3. 'n Amptelike bewys van 'n polis wat nog in die akademiese jaar uitbetaal gaan word en wat voldoende is om die eerste verpligte betaling te dek.

4. 'n Lening (soos Banklening, Fundi of Helpmekaar-studiefonds) waarvan die leningsbedrag voldoende is om die eerste verpligte betaling te dek, asook 'n aanduiding van die datum wanneer dit inbetaal sal word.

5. Indien 'n student se beurs, polis of lening nie die volle eerste verpligte betaling kan dek nie en die student kan bewys lewer dat hul aansoek vir 'n studentelening onsuksesvol was, kan die volgende uitstelreëling getref word, onderhewig aan die aanvaarding van die bepalings van die onderneming:

a. Die eerste verpligte betaling (studie- en inwoningsgelde) kan in gelyke paaiemente afbetaal word tot en met 31 Maart.

b. Die eerste paaiement van die uitstelreëling is egter onmiddellik betaalbaar. Die blok sal eers gelig word sodra die eerste paaiement in die rekening reflekteer en die volledig voltooide vorm verwerk is deur Studentegelde.

c. Indien uitstelreëlings in Januarie getref word, beloop die paaiemente as volg:

- Voorgraadse student **R4 373 x 3 (Januarie tot Maart)**
- Nagraadse student **R3 189 x 3 (Januarie tot Maart)**
- Voorgraadse koshuis- student **R8 606 x 3 (Januarie tot Maart)**
- Nagraadse koshuis-student **R7 422 x 3 (Januarie tot Maart)**

d. Indien uitstelreëlings in Februarie getref word beloop die paaiemente as volg:

- Voorgraadse student **R6 559 x 2 (Februarie en Maart)**
- Nagraadse student **R4 783 x 2 (Februarie en Maart)**
- Voorgraadse koshuis- student **R12 909 x 2 (Februarie en Maart)**
- Nagraadse koshuis-student **R11 113 x 2 (Februarie en Maart)**

Die uitstelreëlingsvorm is eers Januarie 2019 beskikbaar op versoek by Afdeling Studentegelde en afhanklik van goedkeuring deur die Afdeling.

6. STAKING VAN STUDIE VOOR 31 MAART

Indien 'n student se studies gestaak word vóór of op 31 Maart, word alle studiegeld teruggeskryf. Koshuisstudente sal aanspreeklik bly vir die inwoningsgeld totdat die koshuisplek gevul is.

7. INTERNET AFSLUITING

Internetgelde word gewoonlik aan die einde van elke jaar gesluit vir finansiële verslagdoeningsdoeleindes. Dit het egter nagraadse student geaffekteer wat steeds in Desember toegang tot internet benodig. Die internet toegang sal einde van die jaar net vir NSFAS studente sluit (daar sal steeds Pay2Go toegang wees).

Internet toegang vir studente van die vorige jaar wat nie teen 30 Maart in die volgende jaar geregistreer is nie, sal op 1 April 2019 beëindig word.

BAIE DANKIE VIR U BETALINGS IN 2018.

AFDELING: STUDENTEGELDE (TYGERBERGKAMPUS)

Kantoorligging	Studentegelde toonbank, 1ste Vloer, Kliniese Gebou
Kantoorure vir navrae:	Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 16:30
Kantoorure vir betaling by kassiere:	Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 15:30
Telefoonnommer tydens registrasie:	**021 938 9208 | 021 808 9523/ 9275/ 4386/ 9521**
Faksnommer:	021 808 3739
E-posadres (studentegelde):	studentegelde@sun.ac.za

14 Desember 2018